

1. Uitsending van twee verkenners

Nadat Moses dood is, het die Here Josua en die volk beveel om deur die Jordaan te trek. God het hom moed ingespraak en beloof om met hom te wees.

Josua het toe twee verkenners gestuur om die toestand van die land en die volk te gaan verken.

- Toe die verkenners in Jerigo aankom, het hulle in die huis van Ragab, wat 'n hoer was, gaan bly.
- Hulle aankoms het bekend geword en die koning van Jerigo wou hulle gevange neem.
- Ragab was in haar gemoed daarvan seker dat die gode van Kanaän magteloos was teen Israel se God.
 - Daarom het sy die verkenners gevra om, as Jerigo ingeneem word, haar en haar familie goed te behandel.
 - Die verkenners het haar dit beloof.
 - Sy moes die rooi tou waarmee sy hulle sou laat afsak, aan die venster van haar huis laat afhang, sodat hulle haar huis daaraan kon herken.
- Die verkenners het 'n gunstige tyding aan Josua teruggebring.
- Die inwoners van Jerigo was baie bang vir die Israëliete, en hulle het nie kans gesien om teen die Israëliete te veg nie.

2. Deurtog deur die Jordaan

Daarna het Josua alles gereed gemaak om met die volk deur die Jordaan te trek.

- Die priesters het vooruit getrek met die verbondsark, en die volk het agterna gekom.
- Toe die voete van die priesters die water van die Jordaan aanraak, het die water aan die een kant bly staan en aan die ander kant weggevloei, sodat die Israëliete kon deurtrek.
- As herinnering aan hierdie wonder het hulle 'n gedenkteken opgerig, bestaande uit twaalf klippe wat hulle uit die rivier saamgeneem het.
- Die Israëliete het nou as vrye volk op die bodem van die beloofde land gestaan. Hulle het kamp opgeslaan op die plek wat hulle Gilgal genoem het.
- Voordat hulle nou die beloofde land verower, moes hulle eers die verbond van die Here vernu.
 - Die Here het sy hulp aan Josua beloof op voorwaarde dat hy getrou die wette wat God aan Moses gegee het, nalewe.
 - Van die onderhouding van die besnydenis en van die Pasga het daar in die woestyn niks gekom nie.
 - Daarom het die besnydenis nou eers plaasgevind sodat die volk daarna die Pasga kon vier.

3. Verowering van Jerigo en Ai

Die eerste stad wat deur die Israëliete verower moes word, was Jerigo.

- Hierdie stad sou egter nie deur wapengeweld val nie. God sou hierdie stad deur 'n wonder in hulle mag oorgee, as hulle slegs sou glo.
 - Ses dae lank moes hulle elke dag een maal om die stad trek, en op die sewende dag sewe maal.
 - Dan moes die volk op Josua se bevel juig en die priesters moes op die ramshorings blaas, en dan sou die stadsmure omval. So het dit ook gebeur.
- Die inwoners van Jerigo het gevlug en is maklik deur Israel verslaan. Almal is doodgemaak.
- Alles is as banoffer vir die Here uitgedelg.
- Net Ragab met haar familie het behoue gebly. Haar geloof het haar gered (Heb. 1:31).
- Na die inname van Jerigo het Josua 'n vloek uitgespreek oor elkeen wat dit sou waag om die stad te herbou (Jos. 6:26; kyk ook 1 Kon. 16:34).

Tydens die verowering van Jerigo het Akan 'n groot sonde begaan. Op God se bevel moes alles as 'n banoffer uitgedelg word.

- Niemand mag iets vir homself neem nie.
- Akan was egter nie hieraan gehoorsaam nie. Hy het 'n Babiloniese mantel, 200 sikkels silwer en 'n goudstaaf geneem en dit heimlik in sy tent begrawe.
- Israel het nou gely deur Akan se sonde.
 - God kon nie met sy volk wees solank daar van die gewyde goed (dit was 'n banoffer vir die Here) onder hulle was nie.
 - Dit het geblyk toe die Israeliete Ai wou inneem. Daar is hulle verslaan. Hulle was magteloos.
 - Op Josua se gebed het die Here die oorsaak hiervoor aangetoon.
 - Nadat die volk bymekaargebring is, is Akan deur die Here as die oortreder aangewys.
 - Akan is met al sy mense weggevoer en gestenig en al sy goed is verbrand in die Akorlaagte.
- Nadat die gewyde goed uit die kamp weggeneem is, het die Here Ai in die mag van die Israeliete gegee.
- Ai is ingeneem en die hele bevolking is uitgeroei.

Na hierdie oorwinning het Josua besluit om uitvoering te gee aan die opdrag van Moses.

- Hy het die volk versamel op die berge Ebal en Gerisim sodat hy die Wet van die Here aan hulle kon voorlees.
- Daar het hy die Wet aan die hele volk, insluitend die vrouens en kinders en die vreemdelinge, voorgelees.

4. Verbond met die Gibeoniete

Toe Israel by Gilgal laer opgeslaan het, het daar 'n gesantskap van die Gibeoniete aangekom. Die inwoners van die stad Gibeon was bang dat dieselfde lot as Jerigo hulle sou tref

- Daarom het hulle besluit om op 'n listige manier voor te gee dat hulle van 'n ver land af kom.
 - Hulle het verslete sakke, gelapte skoene, verslete klere en verdroogde padkos by hulle gehad.
 - Toe hulle versoek om 'n verbond met Israel te sluit, het Josua sonder om eers die Here te raadpleeg, 'n verbond met hulle gesluit en beloof dat hulle lewens gespaar sal word.
- Drie dae later het Josua agtergekom dat hulle hom bedrieg het en dat Gibeon nie ver van Gilgal af geleë is nie.
- Hy moes hom toe hou aan die belofte van die verbond, maar hy het van hulle houtkappers en waterdraers gemaak.

5. Verdere verowering van Kanaän

Die konings van die ander stede het bondgenootskappe onder mekaar gevorm om Israel teen te staan.

- Onder leiding van Adoni-Sedek van Jerusalem het vyf Amoritiese konings teen Israel opgetrek.
- Hoewel hulle 'n groot oormag gehad het, het Israel die oorwinning oor hulle behaal.
- God het groot haelstene op hulle laat val sodat daar meer van die vyand deur die hael gesterf het as deur die swaard.
- Daar was egter tyd nodig om die vyand te vernietig, en daarom het Josua gebed dat die son moet stilstaan, en God het sy gebed verhoor.
- Die vyf konings is in 'n grot by Makkeda gevang en doodgemaak.

Hierna het die een stad na die ander in die hande van Israel geval.

- Die konings uit Noord-Kanaän, onder die leiding van Jabin van Hasor, is deur Israel verslaan hoewel hulle met perde en strydwaens in die geveg opgetrek het.

- Die finale slag teen hulle het by die Meromwaters plaasgevind. So het Israel in besit gekom van die hele Kanaän nadat hulle 31 konings verslaan het.

Daarna het Josua die land onder die stamme verdeel.

- Die gebied oos van die Jordaan was alreeds toegewys aan die stamme Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse.
- Kanaän is verder onder die orige stamme verdeel.
- Aan die Leviete is geen grondgebied gegee nie maar wel 48 stede, waarvan 13 bestem was vir die priesters.

Nadat Josua die volk opnuut oorreed het om getrou te bly in hulle diens aan die Here, het hy gesterf in die ouderdom van 110 jaar.

6. God red ook uitverkorenes uit ander volke: Rut

6.1 Elimelek vlug met sy gesin na Moab

Die boek Rut is van besondere belang. **In hierdie boek word die gedagte neergelê dat Jood en heiden één is deur geloof in God se verlossing.**

- Dit laat ons die landelike lewe ken met sy voorbeeldige verhouding tussen die baas en sy werkvolk.
- Dit laat ons verstaan hoe arm mense in daardie tyd gesukkel het om te kan lewe.
- Dit teken vir ons die oordrag van eiendom en die instandhouding van die uitverkore geslag.
- In teenstelling met die tonele van geweld en afval van God, wat in so 'n groot getal in die geskiedenis van die leiers aangetref word, toon Rut ons 'n toneel van rus en vrede, selfopofferende liefde en eenvoudige godsvrug, wat ons 'n kykie gee in die huislike lewe van godvrugtige Israeliete.

Toe daar tydens die onderdrukking deur die Midianiete hongersnood in Juda was, het Elimelek met sy vrou en kinders sy land verlaat en na Moab getrek. Sy vrou se naam was Naomi, en dié van sy twee seuns was Maglon en Kiljon.

- Dit lyk asof hierdie optrede van hom regverdigbaar is, maar dit is in werklikheid nie.
- Daar is by Elimelek gebrek aan geloof, want Kanaän was tog aan Israel as woonplek gegee. Hy wou die straffende hand van die Here ontvlug.
- Daarom het die Here nie sy goedkeuring aan hierdie daad van Elimelek geheg nie.

In Moab het Elimelek gesterf. Sy vrou en kinders moes in die vreemde land agterbly. Sy twee seuns is daar getroud met Moabitiese vroue – Orpa en Rut. Die Here het Naomi swaar beproef, want al twee haar seuns, Maglon en Kiljon, het ook daar gesterf.

6.2 Naomi en Rut gaan terug na aomi se land toe

Toe Naomi verneem dat God weer sy volk besoek het en dat daar in haar geboorteland weer brood was, het sy teruggegaan na Palestina toe.

- Haar twee skoondogters, Orpa en Rut, het aanvanklik saamgegaan.
- Naomi het hulle versoek om terug te gaan aangesien daar in Juda nie vir hulle 'n moontlikheid was vir 'n tweede huwelik nie.
- Net Orpa het toe teruggegaan na Moab toe.

Rut het egter by Naomi gebly. Toe Naomi haar vra of sy dan nie wil teruggaan nie, en haar so voor die keuse plaas tussen Moab en Kanaän, tussen Baäl en God, het sy beslis geantwoord:

“Waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God” (Rut 1:16,

AFR1953).

So het Naomi en Rut dan saam na Betlehem gegaan.

Toe die inwoners van Betlehem haar sien, was hulle verbaas en het gevra: “Is dit Naomi?” Die verbasing was oor die treurige omstandighede waarin Naomi teruggekeer het. Naomi wil dan ook nie meer op haar naam genoem word nie, want die naam Naomi beteken “soet, lieflik”. “Noem my Mara (bitter),” was haar antwoord. Sy het te kenne gegee dat God die lewe vir haar bitter gemaak het.

6.3 Rut tel koringare op in die land van Boas

Toe Naomi en Rut in Betlehem aankom, was dit die begin van die oes. Sy het gebrek aan kos gehad.

- Rut het by haar skoonmoeder aangedring om agter die graansnyers aan are op te tel.
- Dit was ’n reg wat volgens die Mosaïese Wet die armes toegekom het.
- Die Wet het die eenaars verbied om die are wat agter die maaiers op die grond val, op te tel.

Die Here het die liefde van Rut vir haar skoonmoeder nie beskaam nie.

- Sy het op die land van Boas, ’n bloedverwant van Elimelek, gekom.
- Boas was ’n man wat die Wet van God nie alleen ten opsigte van die arbeiders nie, maar ook ten opsigte van die armes gehandhaaf het.
- Boas het haar gevra wie sy is, en toe hy agterkom wie sy is, het hy vriendelik met haar gepraat en aan haar toestemming gegee om die hele oestyd op sy land te bly.

Sy is toegelaat om in gelyke dele te deel met sy knegte. Boas het op haar geloofsaad gewys.

- Sy het vader en moeder, haar geboorteland en haar godsdiens verlaat en na ’n vreemde land gekom om die Here te dien.
- “Mag die Here jou beloon vir wat jy gedoen het,” het hy bygevoeg.

Toe sy tuis kom, het Naomi gevra waar sy was en toe sy antwoord dat sy op die land van Boas was, herken Naomi in hierdie weldoener ’n naasbestaande van haar man, een van hulle lossers.

6.4 Rut trou met Boas

Boas het as bloedverwant van Naomi ’n roeping gehad om met Rut te trou en om as lossers op te tree om hulle erfgoed terug te koop.

- Volgens Levitikus 25 mag iemand se grond nie vir altyd verkoop word nie omdat die grond eintlik aan die Here behoort.
- Wanneer iemand verarm was en hy sy besitting moes verkoop, moes die persoon wat die naaste familielid was sy besitting vir hom terugkoop.
- Hierdie persoon word genoem bloedverwant, lossers (Hebreeus: *go'el*).
- As iemand nie so ’n lossers gehad het nie, dan moes sy besitting weer in die jubeljaar in sy besit terugkom.
- Elimelek se land was verkoop, daarom moes sy naaste familielid dit terugkoop.

Hiermee saam was daar nog ’n ander Mosaïese instelling, naamlik dié van die leviraatshuwelik, of swaershuwelik.

- Dit was in Israel ’n verskriklike saak as iemand sonder kinders gesterf het. Daardeur raak so iemand se naam in die vergetelheid.
- Daarom het die Here bepaal dat die broer van iemand wat kinderloos sterf, met die agtergeblewe weduwee moes trou.
- Volgens Deuteronomium 25 moes die eersgeborene uit hierdie huwelik op die naam van die gestorwene staan, sodat sy naam nie in Israel uitsterf nie.

Altwee gevalle kom hier voor. Die naaste familielid moes die land van Elimelek terugkoop en ook met die weduwee Rut trou, omdat Naomi te oud was.

Naomi het waarskynlik gemeen dat Boas die naaste familielid was.

- Daarom het sy met Rut aangespreek dat Rut na die dorsvloer van Boas moes gaan en daar by Boas se voetenent gaan lê, sodat hy bewus kon word van haar omstandighede en hom verplig voel om op te tree.
- Toe Boas wakker word, het hy haar bedoeling bemark en die reg en plig erken om as haar lossers op te tree.
 - Daar was egter 'n probleem: daar was iemand anders, wat nog 'n nader familielid was, aan wie die reg toegekom het om as lossers op te tree.
 - As hy nie sou wou gebruik maak van daardie reg van hom nie, dan was Boas gewillig om die grond terug te koop en met Rut te trou.
- Boas het dadelik werk gemaak van hierdie saak. Hy het na die stadspoort gegaan en toe hierdie familielid daar verbykom, het hy hom hieroor aangespreek.
- Die man was bereid om die grond terug te koop, maar hy kon nie met Rut trou nie.
- Daar was dus geen ander uitweg nie as dat Boas met Rut trou en ook die grond van Naomi terugkoop.
- As bewys daarvan dat hy nie kans gesien het om die volledige lossingsreg uit te oefen nie, het die eerste lossers sy skoene uitgetrek en dit aan Boas gegee.
- Dit was die gebruik by die oordrag van die lossingsreg aan 'n ander dat die skoene uitgetrek en aan die ander gegee word as bewys van die oordrag van bevoegdheid. Dit is wat hier gebeur het.
- Boas het ook die leiers in die poort tot getuie geroep dat hy die land van Elimelek “los” en dat hy met Rut trou.

So het dit gekom dat Boas met Rut getrou het. Uit hierdie huwelik is Obed, Dawid se oupa, gebore, en uit die geslag van Dawid is, veel later, Jesus Christus gebore.